Woensdag **8 Mei**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:35-38**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:37 (AFR53)**

**Verander en vernuwe in die opstanding**

Vir die kerk van Christus is die opstanding van die dooies met sy wederkoms ’n belangrike, wesenlike saak. So wesenlik dat dit deel uitmaak van die 12 Artikels. Maar die basiese leer van die liggaamlike opstanding, beskryf die Hebreërskrywer (Heb. 6:2), is deel die melkkos van ’n gelowige. Dit is een van die leerstellings wat die fondament lê vir die Christelike geloof. En soos ’n baba wat ouer, sterker en groter word, kort ons ook vaste kos wanneer ons volwasse raak in die geloof.

In 1 Korintiërs 15 spreek Paulus dan nie net oor die basiese leer van ’n liggaamlike opstanding nie (melkkos)– maar die apostel leer ons wat die staat of die kwaliteit van die liggaam sal wees wanneer dit opgewek is (vaste kos):

- *Ons gaan veranderd wees*. Vlees en bloed kan nie die koninkryk van God beërwe nie: ons broos, weerlose en sondige liggame, soos dit tans biologies aanmekaargesit is, gaan nie opgewek word nie, maar ons gaan ’n verheerlikte liggaam hê. Soos Christus se liggaam ná sy opstanding nie meer beperk is deur die wette van fisika en materie nie, so sal ons geestelike liggame ook wees.
- *Maar ons gaan nie “iets anders” word* wanneer ons liggame opgewek word nie. ’n Boer saai koringsaad om koring te verbou. Hy saai nie koring om iets anders te verbou nie. So sal ons steeds mense wees wat (verheerlikte) liggame het met ons Koning se wederkoms.

Mag hierdie realiteit van die leer oor ons liggame wat veranderd en vernuwe sal wees deur die Heilige Gees, ons opbou in geloofsvolwassenheid, met die troos dat ons nie die dood van ons liggame hoef te vrees nie (sien ook HK v/a 42).

*Sing: Psalm 30-1:1-3*

*Ds. IJ (Izak) van der Westhuizen (Colesberg)*